

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

**Vandag se preke gaan oor die tema:
Ek kniel sodat julle vervul sal word met die volheid van God**

Week 5 – Ek kniel sodat God geëer kan word

In hierdie week fokus ons op die eer en heerlijkheid wat aan God behoort. In hierdie gebed is daar 'n natuurlike oorgang van voorbedding na lofprysing. As ons dink aan al die wonderlike gawes waarvoor daar in hierdie gebed gevra word, kan ons nie anders as om God te loof nie. Hy is immers ons hemelse Vader en die een Persoon wat die mag het om oneindig meer te doen as wat ons kan bid of dink.

In Efesiërs word die ere of die bevoorregte posisie van die kerk 'n paar keer beskryf. Die hoogtepunt is die voorreg wat ons het om saam met Christus op die voorpunt te staan van almal en alles wat die Here behoort te loof.

Mag die Gees gee dat ons in hierdie week sal groei in ons verwondering oor die eer en heerlijkheid van ons hemelse Vader.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:

- 1.1. Alles tot eer van God
- 1.2. Ons Vader, wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink
- 1.3. Heerlikheid wat geopenbaar is
- 1.4. God sal die goeie voltooi wat Hy in ons begin het
- 1.5. Mias Smit deel met ons sy ervaring van hoe God geëer moet word



Tema van Fokustyd:

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en beleving van ons identiteit in God

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Die verandering begin waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.



FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

Inleiding: Ek kniel in gebed voor ons VADER

Week 1: Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word

Week 2: Ek kniel sodat JESUS CHRISTUS in julle sal woon

Week 3: Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken

Week 4: Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD

Week 5: Ek kniel sodat God geëer kan word

So werk die Fokustyd:

Die bedoeling van die Fokustyd is dat ons as gemeente vir vyf weke op 'n gesamentlike saak fokus. Beskou dit as 'n afsonderings- of stiltetyd vir die gemeente.

Die Fokustyd vind op drie vlakke van ons geloofslewe plaas.

1. Daar is vyf dagstukkies geskryf wat 'n hulpmiddel is vir jou persoonlike stiltetyd of huisgodsdien. Maak vir jou 'n vaste tyd en kweek sommer die gewoonte aan om geroetineerd binnekamergodsdien te hou.
2. Daar is 'n groepsriglyn wat gebruik kan word in huisgodsdien, tydens klein-groepsbyeenkomste of Bybelstudiebyeenkomste. Sluit by bestaande kleingroepe aan of begin jou eie kleingroep – al is dit net vir die vyf weke. (Die kerkkantoor sal kan help met meer inligting oor kleingroepe.)
3. Sondae se eredienste sluit ook aan by die Fokustyd. Die oggend se preek word ook in die internasionale diens gepreek en die aand se preek sluit by die betrokke tema aan.

Die ideaal is dat almal in die gemeente op al drie die vlakke betrokke is by die Fokustyd. Indien dit egter nie moontlik is nie, nooi ons jou in alle geval om deel te wees van die Fokustyd.